**13 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 20:17-37**
**Fokusgedeelte: Handelinge 20:36**

## Gebed gee krag vir 'n moeilike roeping

Dit is 'n baie aandoenlike geskiedenis, dié van Paulus se afskeid van die Efesiërs aan die einde van sy derde sendingreis. Vir ongeveer drie jaar het Paulus die evangelie van genade aan hulle verkondig. Hoekom wou Paulus weggaan? Dit het nie vir hom gegaan oor wat vir hom lekker is nie. Nee, dwarsdeur sy bediening was daar vir hom maar net een vraag: Wat wil die Here hê moet ek doen? Daarom het hy sy bediening ook voluit gedoen. In vers 20 verklaar hy met vrymoedigheid: "Julle weet dat ek niks teruggehou het wat vir julle voordelig kon wees nie."

Hy gee self die rede vir sy vertrek in vers 22: "En nou gaan ek Jerusalem toe, daartoe gedring deur die Gees." Hy gaan Jerusalem toe, omdat die Here hom daarheen stuur. Hy gaan Jerusalem toe, al weet hy dat hy daar gevang sal word en vervolg sal word. Net soos Jesus Jerusalem toe gegaan het, al het Hy geweet dat Hy daar gevang en gemartel en gespot en gekruisig sou word. Ons het 'n woord hiervoor. Ons noem dit roeping. Roeping maak dat gelowiges dinge doen wat nie noodwendig lekker is nie, maar wat hulle weet die Here se wil vir hulle is.

Om jou roeping uit eie krag te probeer vervul, is dwaas. Daarom bid Paulus eers saam met die ouderlinge van Efese voordat hy op die skip klim.

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook biddend ons roeping sal vervul.
- Dat ons ook nie sal terugdeins daarvan om ter wille van die evangelie te ly nie.
- Dat God ons ook sal versterk vir ons roeping omdat ons daarvoor bid.

*Sing: Skrifberyming 54 (2-6):1*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*